Woodleyweg 43
CRESTA
2194

NOORDELIKE HELPMEKAAR-STUDIEFONDS

Posbus 91050
AUCKLANDPARK
2006
Tel: (011) 782-9160
E-pos: admin@nhsfonds.co.za
Web: www.nhsf.org.za

**MSW (*Ingelyfde vereniging sonder winsoogmerk – Reg no 1963/007704/08)***
***NCRCP3632***

---

Beste Aansoeker

Baie dankie vir u navraag i.v.m. ons studielenings. Aansoeke sluit op 15 Oktober 2024.

Ons aansoekvorms is beskikbaar op ons webblad by www.nhsf.org.za. Kliek op die skakel **"Hoe om aansoek te doen".** Daar is 4 vorms wat voltooi moet word. Let asseblief op die die volgende:

1. **Aansoek om studielening**

   **Die volgende dokumente moet saam met die aansoek ingedien word:**

   - Gesertifiseerde ID afskrif
   - Getuigskrif van die skoolhoof en kontakbesonderhede van 'n referent
   - Alle beskikbare prestasie sertifikate
   - Nuutste akademiese verslag (Rekordeksamenuitslae kan gestuur word wanneer dit beskikbaar is)

2. **Leningsooreenkoms**

   - Beide die aansoeker en ouers moet dit teken
   - Vul die bedrag vir die volle studietydperk in (tans R75 000 per jaar). Dus: R75 000 x aantal jare van studie.

3. **Persoonlike besonderhede en verklaring deur elke borg**

   **Die volgende dokumente moet saam met die Persoonlige Verklaring ingedien word:**

   - Gesertifiseerde ID afskrifte van borge
   - Salarisstrokies van elke borg
   - IRP 5 van elke borg
   - 3 Maande se bankstate van elke borg
   - Inkomste en Uitgawestaat in die vorm moet voltooi word vir elke borg

4. **Akte van Borgstelling**

   **Die Akte van Borgstelling moet voor 'n Kommissaris van Ede geteken en gesertifiseer word.**

   - Die borg/e en lener se name moet ingevul word
   - Die totale bedrag vir die hele studietermyn moet ingevul word.

Direkteure: mnr GJ de Wet (Voorsitter), mnr RJ Burger, me WE de Bruin, me C Golino,
ds JM Hofmeyr, mnr US Joubert, dr FJ Kok (Besturende Direkteur),me M Krüger, mnr J la Grange, mnr C Luüs,
me A Malan, prof J Rossouw, me M Swart, prof BL Tait, mnr WF Viviers

Die dokumente moet **per hand of koerierdiens by ons besorg word**. **Geen e-pos aansoek sal aanvaar word nie.** Die fisiese adres is: **Woodleyweg 43, Cresta, 2194**. Kantoorure is van Maandae tot Donderdae van 8h00 tot 13h00 en op Vrydae van 8:00 tot 12:00.

Aansoeke sal in November aan die direksie voorgelê word vir oorweging.

Vriendelike groete

Joan van der Westhuizen

Administratiewe Beampte

NOORDELIKE
HELPMEKAAR-
STUDIEFONDS